SOLIDARITEIT
JEUG

SKOOLVERLATERSVERSLAG

Gr. 12-leerders: Gauteng-skoleopname

Johnell van Vollenhoven

2022

INHOUD

Lys van figure		3
Lys van tabelle		3
Inleiding		4
Samevatting		6
Resultate		7
1.	Geslag	7
2.	Skool	8
3.	Huistaal	9
4.	Ouers se beroep	9
5.	Afrikaans as onderrigtaal	9
6.	Vakkeuses	11
7.	Studie na skool	14
8.	Instansies waar leerders wil studeer	15
9.	Studie oorsee	16
10.	Finansiering van oorsese studie	17
11.	Voltydse of deeltydse studie	18
12.	Werk gedurende deeltydse studies	19
13.	Studierigtings	21
14.	Verdere studie in Afrikaans	27
15.	Studiebefondsing	28
16.	Leerders wat nie gaan studeer nie	29
17.	Leerders wat gaan werk	30
18.	Werk oorsee	31
19.	Gemeenskapswerk	32
20.	Loopbaanvoorligting	33
21.	Solidariteit Jeug	35
22.	Die impak van Covid-19 op toekomsvisie en vooruitsigte	37
Gevolgtrekking en slot		39

LYS VAN FIGURE

Figuur 1. Geslag 7
Figuur 2. Skool 8
Figuur 3. Huistaal 9
Figuur 4. Hoe voel jy oor Afrikaans as onderrigtaal? 11
Figuur 5. Vakkeuses 12
Figuur 6. Beplan jy om na skool verder te studeer? 14
Figuur 7. Waar beplan jy om te gaan studeer? 15
Figuur 8. In watter staat/land gaan jy studeer? 16
Figuur 9. Hoe word jou studies gefinansier? 17
Figuur 10. Gaan jy voltyds of deeltyds studeer? 18
Figuur 11. Beplan jy om te werk gedurende jou studie? 19
Figuur 12. In watter rigting beplan jy om te werk? 19
Figuur 13. Het jy al so 'n werk gekry? 20
Figuur 14. Sou jy graag in Afrikaans wou studeer? 27
Figuur 15. Het jy reeds befondsing om te studeer? 28
Figuur 16. Indien jy nie beplan om te gaan studeer nie, wat beplan jy om te doen? 29
Figuur 17. Indien jy gaan werk, merk die opsie wat van toepassing is: 30
Figuur 18. Het jy reeds werk oorsee? 31
Figuur 19. Wat is die redes vir jou besluit om oorsee te gaan werk? 31
Figuur 20. Sal jy in gemeenskapswerk belangstel? 32
Figuur 21. Sal jy leiding aangaande loopbaankeuses wou ontvang? 33
Figuur 22. Het jy beroepsassessering ondergaan? 34
Figuur 24. Weet jy van die gratis dienste wat Solidariteit Jeug aanbied? 35
Figuur 25. Van watter gratis dienste sal jy gebruik wil maak? 36

LYS VAN TABELLE

Tabel 1 Terugvoer per skool 5
Tabel 2 Addisionele skole 8
Tabel 3 Ouers se beroep 10
Tabel 4 Verskille tussen aantal leerders in 2021 en 2022 14
Tabel 5 Addisionele vakke 13
Tabel 5 Addisionele instansies 15
Tabel 6 Hoe word jou studies gefinansier? 17
Tabel 7 Wat gaan jy studeer? 21

INLEIDING

Hierdie studie is vir die eerste keer gedurende Mei 2021 deur Solidariteit Jeug aangevra. Die hoofdoel van die navorsing was om te bepaal wat gr. 12-leerlinge in skole regoor Pretoria se siening oor hulle toekoms is, wat hulle beoog om na skool te doen en hoe die Covid-19-pandemie hulle beïnvloed het.

Leerlinge het ń skakel na ń vraelys op Survey Monkey gevolg en die elektroniese vraelys ingevul. Die verslag (https://solidariteit.co.za/wp-content/uploads/2021/11/2021-11-11_Gr12-oorhoofse-verslag-Okt-2021_Taalversorg.pdf) is in November 2021 uitgereik.

Solidariteit Jeug het gedurende April 2022 versoek dat dieselfde navorsing onder die gr. 12-leerlinge van 2022 gedoen moes word. Die doel met die nuwe studie is om die vorige vraagstukke te beantwoord, meer skole met die vraelys te bereik en ń vergelyking te kan tref tussen die matrieks van 2021 en 2022. Uiteindelik sal volgehoue navorsing en meer skole en respondente lei na ń geheelbeeld van die behoefte van die matrikulant. Dit sal insig bied aan instansies soos Solidariteit, sy afdeling Solidariteit Jeug, en instansies soos Sol-Tech en Akademia wat in die loopbaan- en studiebehoeftes van jongmense wil voorsien. Verdere tendense of veranderinge in tendense sal ook oor ń tydperk gevolg kan word, wat kan bydra tot hierdie organisasies en instansies se aanpasbaarheid by dit wat vir die jeug belangrik en van waarde is.

Die elektroniese vraelys is op Survey Monkey (https://www.surveymonkey.com/r/matriekvrae) ontwerp en ń internetskakel en QR-kode waar die vraelys elektronies ingevul kon word, is aan die onderwysers by skole verskaf waarna respondente dit via hul selfone beantwoord het. Die opname kan beskryf word as ń gemengdemetode-navorsingstudie omdat daar van kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe data en ontledingstegnieke gebruik gemaak word. Die kwantitatiewe data is hoofsaaklik deur beskrywende statistiese tegnieke ontleed terwyl kwalitatiewe teks deur middel van inhoudsontleding ondersoek is.

Die vraelys is vanaf 19 Julie tot 5 Augustus 2022 na skole in Gauteng versprei. Onderwysers het matrikulante gevra en aangemoedig om die vraelys op hul selfone te voltooi. Daar is dus van ń gerieflikheid-steekproefmetode gebruik gemaak. ń Totaal van 13 skole het met die aanvang van die studie deelgeneem terwyl leerders van 4 ander skole later ook die vraelys voltooi het (Die Hoërskool Menlopark is nie hierby ingesluit nie). Die totale aantal leerders wat aan die 2022-studie deelgeneem het, was 2 210 teenoor die 1 533 in 2021 toe slegs skole in Pretoria deelgeneem het.

Nota: *Daar was enkele leerlinge wat hierdie vraelys grappenderwys ingevul het, wat tot sommige weersprekende en konflikterende resultate aanleiding gegee het.*

Nie alle leerders het alle vrae beantwoord nie en in sommige gevalle is "NA" of ń punt ingevul. Dit het daartoe aanleiding gegee dat leerders na ń volgende vraag herlei is waarheen hy/sy nie herlei sou word indien hulle die vorige vraag beantwoord het nie. ń Punt by ń vraag wat vra wat die leerder gaan studeer, en ń werklike antwoord by die volgende vraag oor die plek waar hy/sy gaan studeer, het dus tot gevolg dat die aantal respondente by elke vraag nie noodwendig 100% ooreenstem nie.

Dit het egter nie die oorkoepelende betroubaarheid en sinvolheid van die resultate beïnvloed nie aangesien dieselfde patrone en temas regoor die 17skole verkry is.

Tabel 1 Terugvoer per skool

Hoërskool Waterkloof	308	Hoërskool Centurion	104
Hoërskool Garsfontein	255	Hoërskool Die Wilgers	78
Hoërskool Zwartkop	249	Hoërskool Linden	58
Afrikaanse Hoër Seunskool	217	Hoërskool Florida	46
Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria	188	Hoërskool Monument	30
Hoërskool Oos-Moot	169	Hoër Tegniese Skool Pretoria-Tuine	29
Hoërskool Eldoraigne	160	Hoërskool Noordheuwel	8
Hoërskool Wonderboom	149	Die Hoërskool Menlopark	1
Hoërskool Kempton Park	132	***Totaal***	***2180***

SAMEVATTING

Van die 2 210 respondente het 30 nie hulle skool aangedui nie.

Net meer as die helfte (54,74%) van die respondente wat hierdie opname voltooi het, is meisies teenoor die 45,26% seuns. Byna alle leerders (97,28%) het aangedui dat hul huistaal Afrikaans is, terwyl net 2,72% Engels as huistaal aangedui het. Net meer as tweederdes van die matrikulante het aangedui dat hulle positief oor Afrikaans as onderrigtaal voel terwyl 26,67% nie noodwendig positief of negatief teenoor Afrikaanse onderrig voel nie. Slegs 1,72% van leerders voel negatief daaroor om onderrig in Afrikaans te ontvang.

Die oorgrote meerderheid (83,48%) matrieks het aangedui dat hulle van voorneme is om verder te gaan studeer. In 2021 het 79% van matrikulante aangedui dat hulle ook verder wil gaan studeer. Slegs 11,04% (16,4% in 2021) is onseker of hulle verdere studies wil onderneem. Die Universiteit van Pretoria is steeds die gewildste opsie met 36,70% van leerders wat hierdie jaar aangedui het hulle wil daar gaan studeer. Net meer as 8% van die respondente wil aan die Noordwes-Universiteit studeer, terwyl die Universiteit Stellenbosch 7,93% van leerders gelok het. Akademia is hierdie jaar die opsie vir 5,88% van leerders teenoor 4% in 2021. Slegs 6,9% van respondente is van plan om hulle studies oorsee aan te pak.

Terwyl die meerderheid (43,56%) leerders aangedui het dat hulle hul studies in Afrikaans sal wil doen, is 20,78% onseker of hulle ń voorkeur vir Afrikaans as onderrigmedium op tersiêre vlak het.

Alhoewel amper 60% van leerders aangedui het dat hulle leiding aangaande loopbaankeuses sou wou ontvang het, is dit aansienlik minder as die 71,7% wat in 2021 dieselfde aanduiding gegee het. Net meer as 60% van leerders het ook aangedui dat hulle ń beroepsassessering- of belangstellingstoets voltooi het, maar tog het dit slegs 56,60% van leerders se loopbaan-/beroepskeuse beïnvloed.

Drie-en-tagtig persent van matrikulante wat van plan is om te studeer, wil vir voltydse studie inskryf terwyl slegs 16,90% deeltyds wil studeer. Van hierdie deeltydse studente beplan 95,62% om te werk, en ń verdere 39,58% van hulle het reeds ń werk vir 2023 gekry.

Van die gewildste kursusse is BCom Rekeningkunde en Onderwys. Besigheidsverwante studies bly die gewildste studierigting.

Net meer as 30% van die respondente wat wil gaan studeer, het nie befondsing om dit te kan doen nie, en net 4,17% het beurse ontvang. Amper 10% van leerders het aangedui dat hulle van lenings gebruik gaan maak terwyl 55,49% se ouers vir hul studies gaan betaal.

Leerders wat nie gaan studeer nie, kies meestal om te gaan werk. Nege-en-sewentig leerders het aangedui dat hulle die arbeidsmark gaan betree, waarvan 39 van plan is om oorsee te gaan werk. Vier leerders het aangedui dat hulle gaan werk omdat hulle nie die finansies het om te gaan studeer nie.

Die Covid-19-pandemie het ń groot invloed op die gr. 12's van 2022 gehad. Hulle is gevra wat die impak daarvan op hulle toekomsvooruitsigte is. Alhoewel baie van hulle aangedui het dat daar geen impak was nie, het dit die lewensbeskouing van ń aantal matrikulante tot so ń mate beïnvloed dat hulle baie meer verantwoordelikheid vir hulle toekoms aanvaar. Daar is egter leerders wat meer negatiewe ervarings gehad het.

RESULTATE

Vrae 1-5 handel oor die biografiese en demografiese inligting van respondente soos o.a. geslag, skool, huistaal, ouers se beroep en hulle gevoel oor Afrikaans as onderrigtaal.

Vrae 6-27 fokus spesifiek op die loopbaanpad en hoe elke gr.12-leerling min of meer sy of haar spesifieke pad in die voorsienbare toekoms beplan. Vakkeuses is by hierdie groepering ingesluit, asook studierigtings en waar leerders wil studeer. Matrikulante wat kies om nie te studeer nie, het vrae met betrekking tot werk beantwoord.

Vrae 28 en 29 is spesifiek gefokus op Solidariteit Jeug en die hulpmiddels wat Solidariteit Jeug beskikbaar stel om jongmense met hulle besluite ten opsigte van studierigtings en loopbane te help asook om hulle met praktiese ervaring toe te rus.

Vraag 30 poog om die impak van die Covid-19-pandemie op 2022 se matrikulante vas te stel.

Die resultate word in grafiese of tabelvorm weergegee en die verbatim response op die oop vrae is met minimale wysiging weergegee. Van die response is opgesom om temas te verkry.

1. Geslag

Net meer as die helfte (54,74%) van die respondente is vroulik terwyl 45,26% van die respondente manlik is. Daar is sewe respondente wat die vraag nie ingevul het nie. In 2021 was daar aansienlik meer meisies (60,4%) teenoor die 39,6% seuns wat die vraelys voltooi het.



Figuur 1. Geslag

2. Skool

Hierdie verslag het aanvanklik op skole in die Pretoria- en Centurion-omgewing gefokus. ń Totaal van 13 skole het aanvanklik aan die studie deelgeneem (Die Hoërskool Menlopark is hierby uitgesluit). Die skool met die meeste respondente (308) is leerlinge by Hoërskool Waterkloof.



Figuur 2. Skool

ń Verdere vier skole het kort na die opening van die vraelys ook aan die studie deelgeneem. Dié skole is Hoërskool Florida, Hoërskool Monument, Hoërskool Linden en Hoërskool Noordheuwel. Die demografiese ligging van die respondente wat aan hierdie studie deelgeneem het, is sodoende uitgebrei om ander dele van Gauteng in te sluit.

Tabel 2 Addisionele skole

Hoërskool Florida	46	Hoërskool Monument	30
Hoërskool Linden	58	Hoërskool Noordheuwel	8

3. Huistaal

Hierdie verslag het aanvanklik op skole in die Pretoria- en Centurion-omgewing gefokus. ń Totaal van 13 skole het aanvanklik aan die studie deelgeneem (Die Hoërskool Menlopark is hierby uitgesluit). Die skool met die meeste respondente (308) is leerlinge by Hoërskool Waterkloof.



Figuur 3. Huistaal

4. Ouers se beroep

Nie alle respondente het ingevul watter beroep hul ouers beoefen nie. Sommige skoliere het slegs een ouer ingevul terwyl ander die vraag heeltemal oopgelaat het. ń Totaal van 1 779 response vir die beroepe van vaders is ingevul en ń totaal van 1 817 response wat die beroepe vir moeders aandui.

Die sektor waarin die meeste ouers werksaam is, is die tegniese sektor. Verskeie vorms van ingenieurswese en ambagte word beoefen. Hierdie groepering sluit ook konstruksie en ander fisiese arbeid in. Van die 796 (41,46%) ouers wat in hierdie sektor werk, is 671 (84,3%) vaders en slegs 125 (15,7%) moeders. Moeders wat naaldwerksters is, is ook hierby gevoeg.

Die finansiële sektor en korporatiewe beroepswêreld het onderskeidelik die tweede en derde meeste ouers van respondente wat daar werksaam is. Die meeste moeders (310; 16,7%) werk in die finansiële sektor terwyl slegs 169 (9,3%) vaders in die sektor werk. Korporatief word die getalle meer eweredig versprei met 231 (12,71%) vaders en 201 (10,83%) moeders.

Respondente het aangedui dat 9,1% (161) van vaders en 4% (73) van moeders entrepreneurs is en hul eie besighede besit. Mediese en regspraktyke is nie hierby ingesluit nie.

Daar is ook ń totaal van 187 (10,08%) moeders wat volgens aanduidings tuisteskeppers is.

Die aanduiding dat is slegs 0,5% (9) van vaders en 0,7% van moeders van die respondente werkloos is. Dit is onduidelik of die ouers van respondente wat aangedui het dat hulle ouers “geen” werk het nie, afgetree, werkloos of tuisteskeppers is.

Tabel 3 Ouers se beroep

Beroep/sektor	Vaders	Moeders
Onderwys en opleiding	40	187
Werkloos	9	12
Toerisme, gasvryheid en voedsel	11	10
Tegniese beroepe en ambagte	671	125
Finansiële sektor	169	310
Polisiëring, veiligheid en sekuriteit	90	33
Entrepreneurs	161	73
Regsektor	53	52
Korporatief	231	201
Landbou	37	4
Bemarking en verkope	83	92
Onseker	33	17
Godsdiens/bediening	14	9
Oorlede	36	6
Medies, gesondheid en welstand	38	173
Eiendomsmark	8	31
Afgetree	18	5
Logistiek en administrasie	24	187
Navorsing	9	9
Geen	23	31
Maatskaplik	2	17
Buiteland	1	0
Politiek en joernalistiek	4	6
Sport, kunste en vermaak	13	25
Tuisteskepper	1	178
Skoonheidsbedryf	0	24

5. Afrikaans as onderrigtaal

Leerders is gevra hoe hulle oor Afrikaans as onderrigtaal voel. Die meerderheid (63,38%) het aangedui dat hulle positief of baie positief daaroor voel. Slegs 1,72% het aangedui dat hulle negatief oor Afrikaans as onderrigtaal voel. Uit die 2 040 leerders wat die vraag beantwoord het, het 8,24% aangedui dat hulle eerder in Engels of ń ander taal onderrig sou wou ontvang. Dit stem ooreen met die 8,7% matrikulante wat in 2021 dieselfde aangedui het. ń Totaal van 26,26% voel neutraal oor Afrikaans as onderrigtaal.



Figuur 4. Hoe voel jy oor Afrikaans as onderrigtaal?

6. Vakkeuses

Die onderstaande figuur dui leerlinge se vakkeuses aan. Om ná afloop van die matriekjaar ń senior sertifikaat te verwerf, moet leerders ń minimum van sewe vakke neem. Dit bestaan uit ń samestelling van vier verpligte vakke en drie keusevakke. Die verpligte vakke is ń Huistaal, ń Eerste Addisionele Taal of ń tweede Huistaal, Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid of Tegniese Wiskunde, en Lewensoriëntering. Die drie keusevakke word gekies op grond van die vakke wat by ń betrokke skool aangebied word. Leerders het ook die opsie om meer as drie keusevakke kies.

Die meeste leerders (98,41%) wat aan die studie deelgeneem het, het aangedui dat hulle Afrikaans Huistaal neem, en die meerderheid (88,51%) se addisionele taal van keuse is English First Additional Language. Daar is egter 204 (10,14%) leerders wat English Home Language as vak gekies het.

Die Wiskundesamestelling kom meer verdeeld voor met meer as die helfte (61,11%) van die leerders wat Wiskunde as vak gekies het, terwyl slegs 36,90% van leerders Wiskundige Geletterdheid en 1,39% Tegniese Wiskunde gekies het. Alpha Wiskunde wat as addisionele vak (ná skoolure) by sommige skole aangebied word, het ń totale deelname van 178 (8,85%) leerders. Wiskunde het met 2,89% afgeneem vanaf 2021 terwyl Wiskundige Geletterdheid met 1,9% toegeneem het. Alpha Wiskunde het slegs met ń geringe 0,15% afgeneem terwyl Tegniese Wiskunde met 4,7% afgeneem het in die afgelope jaar.

Die gewildste keusevakke is Fisiese Wetenskap (40,03%), Besigheidstudies (35,90%), Lewenswetenskappe (35,50%) en Rekenaartoepassingstegnologie (34,01%).



Figuur 5. Vakkeuses

Die vak wat die grootste daling in kandidate toon, is Ontwerp wat met 22,72% gedaal het. Daarteenoor het 9,01% meer kandidate vir Rekenaartoepassingstegnologie as vak ingeskryf. Toerisme het ook met 2% toegeneem terwyl vakke soos Geskiedenis, Rekeningkunde en Besigheidstudies gedaal het.

Die tegniese vakke het ook met ń aantal persentasiepunte gedaal.

Dit kan egter toegeskryf word aan die klein aantal leerders in tegniese hoërskole wat vanjaar aan die studie deelgeneem het.

Nog ń vak wat meer kandidate vir 2022 getrek het, is Lewenswetenskappe met 35,5% teenoor 32% in 2021.

Tabel 4 Verskille tussen aantal leerders in 2021 en 2022

Vak	2021	2022
Lewenswetenskappe	32%	35,50%
Rekeningkunde	27%	24,91%
Besigheidstudies	35.90%	33%
Siviele Tegnologie	4%	1,24%
Elektriese/Elektroniese Tegnologie	5%	1,94%
Meganiese Tegnologie	4%	1,09%
Ingenieursgrafika en -ontwerp	25%	23,97%
Toerisme	25%	27%
Rekenaartoepassingstegnologie	25%	34,01%
Ontwerp	27%	4,28%
Geskiedenis	11%	7,91%

Respondente is ook gevra om die addisionele vakke wat hulle neem, maar wat nie op die lys van keuses verskyn nie, by te voeg. Die addisionele groepering wat die meeste leerders neem, is Landbou. Dit is onduidelik of die drie variante soos genoem in tabel 5

(Landbouwetenskappe, Landboutegnologie en Landbou) dieselfde vak is.

Tegniese Wetenskap word deur 11 (0,55%) leerders geneem terwyl ń variant(e) van Wiskunde deur 3 (0,15%) leerders geneem word. Daar is ook een leerder wat aangedui het dat hy/sy Zoeloe as vak neem.

Een leerder het aangedui dat hy/sy Sweeds as vak het. Dit word wel in twyfel getrek omdat hierdie vak nie as opsie by skole beskikbaar is nie.

Addisionele vakke

Landbouwetenskappe	2	AP Wiskunde	2
Landboutegnologie	9	Chemie	1
Landbou	8	Houtwerk	1
Tegniese Wetenskap	11	Pas en draai	1
Motor	1	Zoeloe	1
Admaths	1	Sweeds	1

7. Studie na skool

Leerders is gevra of hulle beplan om na skool verder te studeer. Die meerderheid (83,48%) respondente het aangedui dat hulle wel verder wil studeer. Dit is amper 4,5% meer as wat matrikulante in 2021 aangedui het. Slegs 5,4% van leerders het aangedui dat hulle nie beplan om verder te studeer nie, terwyl 11,04% onseker is of hulle na skool verder wil studeer. In 2021 het 4,6% van matrikulante aangedui dat hulle nie gaan studeer nie, maar tot 16,4% van die leerders was onseker oor verdere studie.



Figuur 6. Beplan jy om na skool verder te studeer?

8. Instansies waar leerders wil studeer

Die Universiteit van Pretoria geniet tans steeds die meeste aftrek (36,7%) by leerders wat in Gautengse skole is. Dit is egter 7,3% minder as 2021. Die Noordwes-Universiteit, wat volgens hierdie opname die tweede meeste studente lok, kry slegs ń 8,69%-aftrek (7% in 2021). Van die 1 853 leerders wat die vraag beantwoord het, beplan 147 (7,9%) om aan die Universiteit Stellenbosch te gaan studeer, wat skaars minder is as die 8% van 2021.

Die aantal leerders wat aangedui het dat hulle oorsee wil gaan studeer, is 129 (6,96%). In 2021 het slegs 18 leerders aangedui dat hulle oorsee gaan studeer.

Honderd-en-nege leerders (5,88%) het hierdie jaar aangedui dat hulle by Akademia gaan studeer teenoor die 52 (4%) van 2021. Meer leerlinge (4,64%) as die 4% van 2021 het ook vanjaar aangedui dat hulle by Sol-Tech opleiding wil ontvang.



Figuur 7. Waar beplan jy om te gaan studeer?

Van die ander gewilde instansies wat nie gelys is nie, is Open Window waarby 49 leerders aangedui het hulle wil studeer, 28 respondente wat by Unisa gaan studeer en 25 respondente wat aangedui het dat hulle hul studieloopbane by Belgium Campus sal aandurf. Daar is egter 45 matrikulante wat wil gaan studeer maar nog nie seker is van die instansie waar hulle gaan studeer nie.

Tabel 5 Addisionele instansies

Open Window	*49*	*CTU Training Solutions*	*11*
Onseker	*45*	*Universiteit van die Witwatersrand*	*11*
Universiteit van Suid-Afrika (Unisa)	*28*	*Chefs Training and Innovation Academy (CTIA)*	*10*
Belgium Campus	*25*	*Tshwane University of Training and Technology (TUT)*	*10*
Eduvos	*19*	*International Hotel School*	*8*
Universiteit van Kaapstad	*19*	*Varsity College*	*8*
Stadio Higher Education	*12*	*Inscape*	*7*

9. Studie oorsee

Van die 148 leerders wat die vraag met betrekking tot studie oorsee beantwoord het, het 31 (20,95%) aangedui dat hulle van plan is om in Suid-Afrika te studeer. Dit is onseker waarom hulle herlei is om hierdie vraag te beantwoord.

Die meeste respondente (31,08%) wat oorsee gaan studeer, het genoem dat hulle in die Verenigde State van Amerika (VSA) gaan studeer. Enkeles het gespesifiseer en plekke soos New York, Kalifornië en Boston is genoem.

ń Verdere 33 (22,3%) leerders is van plan om in Europa te gaan studeer. Hier is respondente versprei tussen Engeland en ander lande van die Verenigde Koninkryk (VK), Duitsland, Nederland en Frankryk met enkeles in ander lande.

Slegs nege (6,08%) respondente het aangedui dat hulle in Australië gaan studeer terwyl vyf (3,38%) Nieu-Seeland as hul studiebestemming gekies het.

Verenigde State van Amerika	46
Europa	33
Onseker	12
Australië	9
Nieu-Seeland	5

Figuur 8. In watter staat/land gaan jy studeer?

10. Finansiering van oorsese studie

Van die leerders wat aangedui het dat hulle oorsee gaan studeer, het 17,36% aangedui dat hulle met ń akademiese beurs gaan studeer en 15,28% met ń sportbeurs.



Figuur 9. Hoe word jou studies gefinansier?

Die meerderheid van die leerders (39; 40,21%) het egter aangedui dat hulle ouers vir hulle studies oorsee gaan betaal. ń Verdere 22 (22,68%) leerders het aangedui dat hulle self vir hierdie studies gaan betaal. Daar is nie duidelikheid oor hoe die meerderheid van hulle beplan om self vir hulle studies te betaal nie, alhoewel enkeles genoem het dat hulle gaan werk of gaan au pair. Terwyl net vyf (5,15%) respondente aangedui het dat hulle van leningsfasiliteite gebruik gaan maak, is daar nog 15 (15,46%) wat onseker is oor hoe hulle hul studies in die buiteland gaan befonds.

Tabel 6 Hoe word jou studies gefinansier?

Ouers	39
Self	24
Onseker	15
Lenings	5

11. Voltydse of deeltydse studie

Van die leerders wat in Suid-Afrikaan gaan studeer, het die meerderheid (83,10%) leerders aangedui dat hulle voltyds gaan studeer terwyl slegs 16,90% aangedui het dat hulle deeltyds gaan studeer. Die aantal leerders wat in 2022 aangedui het dat hulle voltyds wil studeer, is laer as die 87,7% wat dieselfde aanduiding in 2021 gegee het. Net meer as 12% van leerders het in 2021 aangedui dat hulle deeltyds wil studeer.



Figuur 10. Gaan jy voltyds of deeltyds studeer?

12. Werk gedurende deeltydse studies

Leerders wat beplan om deeltyds te studeer, is gevra of hulle beplan om te werk gedurende hulle studie. Die meerderheid matrikulante (95,62%) het aangedui dat hulle wil werk, terwyl slegs 13 (4,38%) aangedui dat hulle nie van voorneme is om te werk nie.

Figuur 11. Beplan jy om te werk gedurende jou studie?

Leerders is ook gevra oor die rigting waarin hulle beplan om te werk. Dit is opvallend dat ń groot aantal (43,31%) respondente enige werk sal aanvaar, selfs al hou dit nie met hulle studierigting verband nie. Tog verkies die meerderheid (56,69%) wel om werk te aanvaar wat verband hou met die rigting waarin hulle wil studeer.



Figuur 12. In watter rigting beplan jy om te werk?

Verder het 112 (39,68%) van die 283 respondente wat op die vraag gereageer het, aangedui dat hulle reeds werk vir 2023 het, wat hulle dan saam met hulle deeltydse studie sal aanpak. Die meerderheid (60,42%) het egter nog nie werk vir 2023 gevind nie.

Figuur 13. Het jy al so 'n werk gekry?



13. Studierigtings

Die gewildste kwalifikasie, volgens hierdie opname, is Onderwys. Honderd-en-vyf leerders het aangedui dat hulle onderwys wil studeer terwyl ń verdere 24 leerders hulle spesialisasie aangedui het. Die totaal is dus 129 leerders wat hierdie kwalifikasie wil verwerf.

Die amptelike getal leerders wat aangedui het dat hulle BCom Rekeningkunde wil gaan studeer, is die tweede hoogste (102). Daar is egter ń aantal leerders wat nie die BCom-graad waarvoor hulle wil inskryf gespesifiseer het nie en dit is dus moontlik dat die aantal inskrywings hiervoor bo 102 sal wees.

Finansiële en besigheidstudies bly die gewildste rigting vir matrikulante met 478 leerders wat aangedui het dat hulle vir ń kwalifikasie in hierdie beroepsveld gaan inskryf. Medies en verwante rigtings is die tweede gewildste beroepsveld met ń totaal van 201 leerders wat in hierdie rigting wil kwalifiseer. Behalwe vir die 65 leerders wat aangedui het dat hulle MBChB (Medies) wil gaan studeer, sluit hierdie rigting ook verpleging, arbeidsterapie, fisioterapie, aptekerswese en meer in.

Daar is wel 92 leerders wat aangedui het dat hulle na skool wil gaan studeer, maar nie seker is oor die studierigting of kwalifikasie waarvoor hulle sou wou studeer nie.

Tabel 7 Wat gaan jy studeer?

Inligtingstegnologie	**105**
Computer-aided Design (CAD)	*3*
B-graad in Programmering	*3*
UX en UI Design	*1*
Netwerkingenieur	*1*
Inligtingstegnologie	*28*
BIT	*4*
BSc Rekenaarwetenskappe	*7*
Kuber Sekuriteitsanalis	*4*
Game Design	*8*
CNC	*2*
Webontwerp	*1*
Sagtewareontwikkeling	*5*
Sagteware-ingenieur	*5*
IT Ingenieur	*2*
Data-ingenieurswese	*1*
BSc Information and Knowledge Systems	*3*
Informasiesisteme	*1*
IT Management Systems	*1*
BSc Inligtingstegnologie	*2*
Rekenaarwetenskap	*15*
Bachelor of Computing	*8*

Lugvaart	**17**
Drone Pilot	*1*
Vlieënier	*5*
Lugwaardin	*5*
Lugverkeerbeheer	*2*
Lugvaartkunde	*2*
Lugvaart-instandhoudingsingenieur	*1*
Flight management	*1*



Finansiële en Besigheidstudies	478
BCom. Supply Chain Management	14
BCom Landbou- en Risikobestuur	1
Aanlynverkope	1
Verbruikerswetenskap	6
International Fashion Supply Chain Management	3
BCom Internasionale handel	5
BCom Statistiek	5
BCom Datawetenskap	5
BCom Finansies	1
BCom Bemarkingsbestuur	11
Finansiële Bestuur	3
Bemarking	17
Finansies	2
Finansiële Wetenskap	13
Business Informatics	1
Besigheid	14
BCom Beleggingbestuur	10
BCom Rekeningkunde	102
Forensiese Ouditkunde	103
Besigheidsbestuur	39
Forensiese Rekeningkunde	6
BCom	13
BCom Ekonomie	13
BCom Rekeningkundige Wetenskappe	13
BCom Algemeen	4
BCom Informatika	5
BCom Entrepreneurskap	1
BAcc	1
Interne Oudit	1
Executive Assistant	1
Finansiële Beplanning	1
Besigheidsadministrasie	5
Aandele	1
BCom Finansiële en Bestuursrekeningkunde	14
Digitale Produkbestuur	1
BCom Ondernemingsbestuur	25

Finansiële en Besigheidstudies	478
BCom Econometrics	1
Projekbestuur	7
Bestuurswetenskap	7
Logistiek	1
Rep-opleiding	1

Mediese en verwante studies	201
Oudiologie	5
Mediese Fisika	2
Diagnostic ultrasound	1
Biomediese ingenieurswese	3
Biokinetika	5
Chiropraktisyn	2
Arbeidsterapie	16
Tandtegnikus	1
Patologie	3
Prostese	3
Ortodonsie en Prostetika	2
Sonografie	5
Dental Surgery	1
Radiografie	6
Psigiatrie	1
Mediese rigting	1
Verpleegkunde	18
BSc Mediese Wetenskappe	10
Tandheelkunde	7
Medies (MBChB)	65
Gesondheidswetenskap en Sportbestuur	1
Fisioterapie	15
Radioterapie	1
Aptekerswese	12
BSc Genetika, Fisiologie en Sielkunde	3
Ginekologie	1
Dieetkunde	2
Noodhulp	4
Spraakterapie	5

Toerisme en Gasvryheidstudies	45
Cruise/yachts	*2*
Toerisme	*9*
Gasvryheid	*6*
Culinary Arts	*10*
Sjef	*10*
Pastry Chef	*4*
Hotelbestuur	*4*

Ingenieurswese	136
Industriële ingenieurswese	*2*
Siviele ingenieurswese	*17*
Elektriese ingenieur	*11*
Chemiese ingenieurswese	*5*
Rekenaar-ingenieurswese	*14*
Ingenieurswese	*27*
Meganiese ingenieurswese	*27*
Elektroniese ingenieurswese	*16*
Metallurgiese ingenieur	*1*
Sweis	*1*
Sosiale ingenieurswese	*1*
Bedryfsingenieurswese	*12*
Lugvaartingenieur	*1*
Mynbouingenieur	*1*

Natuurwetenskappe	133
Wildlife management	*9*
BSc Agric. Ekonomie en besigheidsbestuur	*4*
Landbou	*19*
Plant- en grondwetenskap	*2*
Marinebiologie	*2*
Veearts	*12*
Fisiologie	*2*
Geografiese Ingenieur	*3*
BSc Agric Besigheidsbestuur	*2*
Forensiese Wetenskap	*1*
Veekunde	*5*
BSc Agric Veekunde en Weiding	*1*
BSc Mikrobiologie	*4*
Landbou-ekonomie	*4*
BSc Agric	*2*
Biotegnologie	*3*
BSc Biologiese wetenskap	*6*
BSc Biochemie	*2*
BSc Biologiese en landbouwetenskappe	*1*
Biologie	*2*
BSc Biodiversiteit en Ekologie	*1*
Natuur/Wildbewaring	*5*
Fire ingenieur	*1*
Rampbestuur	*1*
BVetNurs	*4*
BSc Plantpatologie	*1*
BSc Wingerd en Wynbou	*2*
BSc Voedselwetenskappe	*1*
BSc Vet Physio	*1*
BSc Animal Science	*2*
BSc Geografie en omgewingswetenskappe	*1*
BA Geografie	*1*
Veeproduksie	*1*
Geologie	*3*
BSc Agric Dierewetenskap	*2*
Geoinformatika	*2*

Astrofisika	*1*
Eco Training	*2*
Greenkeeping	*1*
Sterrekunde	*1*
Environmental Safety	*1*
BA Sielkunde	*2*
BSc Sielkunde	*1*
Voerkunde	*1*
Plantwetenskappe	*1*
Plant- en Veekunde	*1*
Dierkunde	*2*
Perdeterapie	*1*
Bosbou	*1*
BSc Meteorologie	*1*

BSc, Fisika, Wiskunde en Chemie	**52**
BSc Aktuariële Wetenskappe	*28*
BSc	*6*
BSc Chemie	*3*
Wetenskap	*1*
BSc Informatika	*2*
BSc Wiskunde	*2*
BSc Wiskundige Statistiek	*2*
BSc Fisika	*1*
Toegepaste Wiskunde	*2*
Pas en draai	*3*
Wiskundige Wetenskappe	*2*

Kunste	**96**
Interior design	*10*
Acting	*1*
Public Relations	*1*
Balletonderwyser	*1*
Industriële Ontwerp	*1*
Digitale Kuns en Ontwerp	*2*
Grafiese Ontwerp	*18*
BMus	*2*
Fotografie	*3*
Drama	*8*
Musiek	*4*
Musiekprodusering	*1*
Filmstudies	*8*
Illustrasie	*4*
Animasie/3D	*14*
Fashion	*2*
Modeontwerp	*4*
Kuns	*2*
Geomorfologie, kuns en ontwerp	*1*
Ontwerp	*1*
Interaction/interactive design	*1*
Visuele Studies	*1*
Voice Acting	*1*
Kreatiewe Tegnologie	*1*
Klankingenieur	*4*

Eiendom, Konstruksie en Argitektuur	35
Stads- en streeksbeplanning	*2*
Argitektuur	*21*
BSc Bourekenkunde	*6*
BSc Konstruksiebestuur	*3*
BSc Real Estate	*1*
BSc Argitektuur	*2*

Kommunikasie	34
Multimedia	*5*
Visuele Kommunikasie	*9*
Publisering	*2*
Digitale Media-ontwerp	*1*
Digitale Bemarking	*4*
BA Kommunikasie en Joernalistiek	*2*
Politieke Wetenskap	*2*
BA Kommunikasie	*1*
Kommunikasiebestuur	*1*
Sosiale Media Bemarking	*1*
Fashion Media	*1*
BA Inligtingsontwerp	*2*
Ondersoekende Joernalistiek	*1*
Joernalistiek	*2*
Mediastudies	*1*

Ambagte of tegniese rigtings	97
Ambag	*6*
Meulmaker	*16*
Somatologie	*8*
Drafting	*5*
Dieselwerktuigkundige	*15*
Werktuigkundige	*1*
Elektries	*18*
Outo-elektries	*1*
Motorwerktuigkunde	*1*
Metaalwerk	*1*
Hernubare energie	*1*
Produkontwerp	*4*
Structural steelwork design	*1*
3D-ontwerp	*1*
Kliniese Tegnologie	*2*
Paneelklop	*1*
Fire safety	*1*
Gereedskapsmaker	*3*
Geweersmid	*1*
Gereedskapsmaker	*3*
Optiese-veseltegnikus	*1*
Skoonheid	*3*
Haarkapper	*1*
Digitale Ontwerp	*2*
Sosiale en gedragswetenskappe	*89*
Maatskaplike werk	*4*
Kriminologie	*9*
Sielkunde	*35*
Argeologie	*1*

Onderwys	129
Onderwys	*105*
B.Ed VOO	*5*
B.Ed Grondslagfase	*16*
B.Ed Intermediêre fase	*2*
Vroeë Kinderontwikkeling	*1*

Onseker	92



14. Verdere studie in Afrikaans

Van die 1 848 leerders wat die vraag oor verdere studie in Afrikaans beantwoord het, het 805 (43,56%) leerders aangedui dat hulle graag in Afrikaans wil studeer. Dit is aansienlik minder as die 50% wat in 2021 aangedui het dat hulle in Afrikaans wil studeer. ŉ Groot aantal (659; 35,66%) respondente het "nee" geantwoord terwyl 384 (20,78%) studente onseker voel oor die taal van onderrig. In 2021 het slegs 27% aangedui dat hulle nie in Afrikaans wil studeer nie.

Minder studente voel in 2022 onseker teenoor die 23% van 2021.

Die aanduidings van 2022 verskil aansienlik van wat matrikulante in 2021 aangedui het. Vyftig persent van matrikulante wou in 2021 in Afrikaans studeer en 27% wou nie in Afrikaans studeer nie.



Figuur 14. Sou jy graag in Afrikaans wou studeer?

15. Studiebefondsing

Die meerderheid (55,49%) leerders het aangedui dat hulle ouers vir hulle studies sal betaal. Saam met die 9,5% wat van studielenings gebruik wil maak en die 4,17% wat beurse ontvang het om te gaan studeer, beteken dit 69,16% van hierdie leerders se studies is reeds befonds. Daar is wel 30,38% leerders wat nog geen befondsing vir hulle studies het nie. Dit is 4,45% meer as die persentasie studente wat in 2021 aangedui het dat hulle in daardie stadium ook nie befondsing vir verdere studies gehad het nie. Minder leerders het ook vanjaar aangedui dat hulle ouers vir hulle studies gaan betaal as die 59% in 2021.



Figuur 15. Het jy reeds befondsing om te studeer?

16. Leerders wat nie gaan studeer nie

Leerders is gevra wat hulle planne is indien hulle nie van voorneme is om te gaan studeer nie. Van die 107 leerders wat hierdie vraag voltooi het en nie beplan om te gaan studeer nie, het 37,38% aangedui dat hulle gaan werk. ŉ Verdere 36,45% het aangedui dat hulle oorsee gaan werk. Alhoewel die persentasie leerders wat wil werk in 2022 min of meer dieselfde is as die vorige jaar (37%), het die persentasie leerders wat oorsee wil gaan werk, verdubbel (15% in 2021). Slegs vier (3,7%) leerders het aangedui dat hulle eerder wil studeer maar nie sal kan nie as gevolg van finansiële uitdagings. Dit is aansienlik minder as die 11% van 2021. Niemand het aangevoer dat punte of ŉ gebrek aan akademiese prestasie ŉ rede is waarom hulle nie gaan studeer nie.

ŉ Ander groot kontras is die verskil tussen die aantal leerders (5,61%) wat in 2022 aangedui het dat hulle nie weet wat om te doen na skool nie, teenoor die 23% in 2021.

Figuur 16. Indien jy nie beplan om te gaan studeer nie, wat beplan jy om te doen?

Van die 12 leerders wat die "ander" opsie op die vraelys gekies het, het een aangedui dat hy/sy ŉ gapingsjaar gaan neem terwyl nog een aangedui het dat hy/sy Bybelskool gaan bywoon. Die ander tien leerders gaan elk ŉ vorm van werk/indiensopleiding doen. Twee van hierdie leerlinge gaan krieket en rugby speel terwyl nog twee aangedui het dat hulle entrepreneurs is.

17. Leerders wat gaan werk

Die meeste (48,72%) leerders het aangedui dat hulle nog werk moet soek. Dit stem ooreen met die 50% leerders wat in 2021 ook aangedui het dat hulle nog werk moes gaan soek. Van die 39 leerders wat die vraag beantwoord het, het 10 aangedui dat hulle in ń familieonderneming gaan werk. Van die ses leerders wat die "ander" opsie gekies het, gaan twee boer terwyl die ander vier leerders onder andere aangedui het dat hulle in buitelandse valuta ("forex") gaan handel dryf, ń verkopeberoep gaan volg, ń eie besigheid het en skopboksklasse gaan aanbied.

Figuur 17. Indien jy gaan werk, merk die opsie wat van toepassing is:

Van die 23 leerders wat aangedui het dat hulle reeds werk gekry het, is die meeste (13) leerders geholpe met voltydse betrekkings. ń Verdere sewe leerders het aangedui dat hulle kontrakte slegs vir ń kort termyn is terwyl ses leerders onseker is oor die duur van hulle kontrakte.

Die meerderheid leerders gaan in Pretoria (10) en Centurion (3) werk. Twee leerders het aangedui dat hulle in Johannesburg gaan werk en een leerder het net genoem dat hy/sy in Gauteng gaan werk. Net een leerder het aangedui dat hy/sy in Kaapstad gaan werk. Enkeles het die Vrystaat, Bloemfontein, Potchefstroom en Brits genoem.

Die sektore waarin hierdie werksgeleenthede plaasvind, is uiteenlopend en sluit landbou, informasietegnologie, verkope, loodgieter- en elektrisiënwerk sowel as sweiswerk in.

18. Werk oorsee

Dit is interessant dat die meerderheid leerders (53,85%) wat oorsee gaan werk, aangedui het dat hulle nog nie werk in die buiteland gekry het nie. Hierteenoor het 46,15% (18) leerders reeds werk.



Figuur 18. Het jy reeds werk oorsee?

Slegs 18 respondente het die vraag oor waar hulle van voorneme is om in die buiteland te werk, beantwoord. Hiervan het 12 aangedui het dat hulle in die VSA gaan werk. Uit hierdie 12 is Texas twee keer genoem, asook Noord-Dakota. Die ander respondente het nie gespesifiseer waar in die VSA hulle gaan werk nie.

Een respondent het aangedui hy/sy gaan in Japan werk en nog een in Tanzanië. Die ander vier respondente gaan onder andere in Frankryk, Nederland, Italië en die Karibiese Eilande werk.

Leerders is verder gevra waarom hulle oorsee gaan werk. Volgens die meeste leerders (44,74%) wat hierdie vraag beantwoord het (38), is dit omdat hulle van mening is dat daar geleenthede oorsee is wat nie in Suid-Afrika beskikbaar is nie. ń Verdere 31,58% (12) leerders het aangedui dat hulle net graag die wêreld wil sien, terwyl slegs sewe leerders voel dat hulle nie ń toekoms in Suid-Afrika het nie. Net twee leerders het aangedui dat die rede verband hou met familie wat reeds oorsee is.

Figuur 19. Wat is die redes vir jou besluit om oorsee te gaan werk?

19. Gemeenskapswerk

2023 se matrikulante blyk positief te wees oor gemeenskapswerk. ń Totaal van 1 928 leerders het die vraag beantwoord en 717 (37,19%) het aangedui dat hulle in hierdie tipe werk sal belangstel. Dit is effe hoër as die 35,8% wat in 2021 aangedui het dat hulle in hierdie tipe werk sou belangstel. Daarteenoor het 33,66% aangedui dat gemeenskapswerk hulle nie lok nie, wat minder is as die 35,1% van verlede jaar, terwyl 29,15% van respondente onseker voel oor gemeenskapswerk. Omtrent dieselfde persentasie leerders (29%) het in 2021 ook hierdie aanduiding gegee.

Soos in 2021 is die oorgrote meerderheid van leerders wat in gemeenskapswerk belangstel, meisies (53,28%; in 2021 was dit 51%) terwyl net 17,64% van seuns (in 2021 was dit 18,2%) hierdie aanduiding gegee het.Figuur 20. Sal jy in gemeenskapswerk belangstel?

Figuur 20. Sal jy in gemeenskapswerk belangstel?

20. Loopbaanvoorligting

Matrikulante het duidelik ń behoefte aan leiding met betrekking tot loopbaankeuses. Die meerderheid (59,59%) voel hulle wil sodanige leiding ontvang terwyl slegs 40,41% nie daardie behoefte het nie. Dit is wel minder as die 66,9% matrikulante wat dieselfde behoefte in 2021 gehad het.

Tydens gesprekke met onderwysers by die betrokke skole is aangedui dat loopbaanvoorligting nie net deeglik in die vak Lewensoriëntering behandel en bespreek word nie, maar dat skole addisionele programme en geleenthede skep waar leerders verdere blootstelling kan kry aan die verskeidenheid beroepe wat beskikbaar is.

Dit is egter so dat die Covid-19-pandemie ook ń impak op fisiese blootstelling gehad het. Die feit dat leerders in 2022 ń mindere behoefte aan hierdie leiding toon, kan die gevolg wees van interaksie wat weer vanaf hierdie jaar by skole toegelaat word. Meer kontaktyd en geleenthede vir tersiêre instansies om skole te besoek en gesprekke met leerders te hê, gee aanleiding tot meer blootstelling.

Die afleiding is dat 2021 se gr. 12's in gr. 11 en 12 gedurende inperkingstydperke gevoel het hulle kry beperkte blootstelling aan studierigtings en loopbaankeuses omdat hierdie kennis slegs via aanlyn uitsendings of gedrukte media aan hulle gekommunikeer kon word. Volgens onderwysers was die enigste verskil die medium waarin beroepsvoorligting kon plaasvind, maar nie die hoeveelheid leiding wat gegee is nie. Gedurende die inperkingstyd is wel gevind dat leerders nie noodwendig altyd die geskrewe of selfs die beeldmateriaal wat aan hulle verskaf is, bestudeer het nie, wat ook aanleiding kon gee tot die matrieks van 2021 se gevoel dat hulle nie genoegsame leiding ontvang het nie.

Figuur 21. Sal jy leiding aangaande loopbaankeuses wou ontvang?

Leerders is ook gevra of hulle ń beroepsassessering- of belangstellingstoets voltooi het. Dit is verblydend om te sien dat 48,47% (932) ń spesialis hiervoor genader het en 11,45% op ń aanlyn platform so ń assessering voltooi het. Die feit dat so baie leerders na ń spesialis is, dui op die mate van ouerbetrokkenheid en die erns waarmee loopbaankeuses aangepak word.

Alhoewel slegs 39,80% leerders aangedui het dat hulle geen so ń toets ondergaan het nie, is dit steeds ń groot persentasie wat ń totaal van 761 leerders verteenwoordig. Daar is dus duidelik ń gaping wat gevul moet word. Alhoewel so ń assessering nie ń beroep haarfyn kan uitwys nie, kan dit wel aanbevelings maak en die leerder lei om ń meer noukeurige keuse te maak deur veral passie en aanleg in ag te neem wanneer leerders hul beroepskeuse maak.

Figuur 22. Het jy beroepsassessering ondergaan?

Hierdie leerders is verder gevra of hulle die uitslag van hul toets/assessering in ag geneem het toe hulle op hulle gekose studierigting/beroep besluit het.

Alhoewel 56,69% van leerders aangedui het dat die uitslag van hul belangstellingstoets 'n invloed op hul keuse met betrekking tot hul loopbaan of studierigting gehad het, is dit interessant om te sien dat 43,31% van respondente aangedui het dat dit geen invloed op hierdie lewenskeuse gehad het nie.

Dit is nie duidelik waarom hierdie uitslae by so baie leerders nie die gewenste impak gehad het nie.



Figuur 23. Het die uitslag van jou belangstellingstoets jou keuse van 'n studierigting beïnvloed?

21. Solidariteit Jeug

Dit wil voorkom of die meeste leerders nie bewus is van al die voordele wat lidmaatskap van Solidariteit Jeug inhou nie. Slegs 19,49% van respondente was bewus van die voordele terwyl meer as 80% (80,51%) geen kennis hiervan gedra het nie.



Figuur 24. Weet jy van die gratis dienste wat Solidariteit Jeug aanbied?

Die daaropvolgende vraag het meer ondersoek ingestel oor die dienste wat aan die jeug beskikbaar is en watter dienste hulle voorkeurgebruike sal wees.

Die diens wat die meeste (55,03%) aanklank vind by matrikulante wat aan hierdie studie deelgeneem het, is die CV-bouer. Dit wil voorkom asof die saamstel van ń CV vir baie jongmense ń uitdaging is en hulle is gretig om hulp daarmee te ontvang.

Skaduwerk en internskappe is ook ń groot trekpleister vir hierdie leerders en 54,08% van respondente sal graag van hierdie geleentheid asook van blootstelling in die werkplek gebruik wil maak. Alhoewel geen vrae spesifiek daaroor gevra is nie, kan die afleiding wees dat skaduwerk tydens die skoolloopbaan selfs ń groter impak kan hê as die belangstellingstoets wat volgens aanduidings nie so ń groot invloed op die keuse van ń loopbaan het nie.

Wenke wat kan help met onderhoude het die derde meeste aanklank gevind (46,25%). Die top drie opsies hou almal direk verband met werk en loopbaan. Die afleiding is dus dat die meerderheid matrikulante gefokus is op werk en hoe om die regte werk asook blootstelling aan die werkplek te kry. Hulle is dus gretig om enige hulpmiddel aan te gryp wat dit vir hulle makliker kan maak om ń werk in die regte rigting te kry.

Hierna verskuif die fokus oor na inligting oor befondsing met 34,23% van leerders wat aangedui het dat hulle belangstel om meer inligting hieroor te bekom.

ń Aanlyn belangstellingsbepaler blyk nie ń werklike prioriteit te wees nie met 534 (29,87%) leerders wat van hierdie opsie gebruik sal wil maak. Daar moet natuurlik in ag geneem word dat die meeste leerders reeds hul keuse vir studie/loopbaan gemaak het en reeds sodanige toetse voltooi het. Gr. 9- en 11-leerders mag dalk ń groter behoefte toon om so ń toets af te lê.

Video's en podsendings kry ook aansienlik minder aftrek met slegs 17,11% en 24,38% onderskeidelik wat hiervan gebruik sal maak.

Die algehele afleiding is dat matrikulante, veral teen Julie en Augustus wanneer hierdie vraelys ingevul word, reeds oorwegend hulle loopbaankeuses uitgeoefen het. Hulle stel nie noodwendig belang in visuele of ouditiewe inligting oor loopbane nie, maar wil eerder praktiese ondervinding en hulpmiddels hê wat die proses om ń werk te kry, vir hulle sal vergemaklik.

Omdat hierdie leerders wel vroeër aangedui het dat hulle meer loopbaanvoorligting sou wou ontvang, kan die afleiding gemaak word dat video's en podsendings moontlik van meer waarde vir ń gr. 11-leerling sal wees.

Figuur 25. Van watter gratis dienste sal jy gebruik wil maak?

22. Die impak van Covid-19 op toekomsvisie en vooruitsigte

Die leerlinge is gevra om in hulle eie woorde te beskryf wat die impak van Covid-19 op hulle toekomsvisie en vooruitsigte is. Na kodifisering en inhoudsanalise het die volgende temas tevoorskyn gekom.

Geen invloed nie (39,79%)

Die oorgrote meerderheid het gemeld dat die Covid-19-pandemie geen impak op hulle lewens gehad het nie. Dit is aansienlik meer as die 25,1% leerders wat in 2021 dieselfde aanduiding gegee het.

Hierdie leerders voel of net so seker as wat hulle voor die pandemie gevoel het, of net so onseker as voor die pandemie. Baie leerders het nie verder uitgebrei nie:

- *Dit het nie.*
- *Dit het geen invloed gehad op my toekomsvisie nie.*
- *Min tot geen.*
- *Dit het nie, die rigting wat ek in wil gaan, is my passie en die pandemie het my keuse nie verander nie.*
- *Niks het verander nie, my planne sal al tyd onversteurd bly, al val n pandemie my toe. Covid self het maar net my interaksie tyd met onderwysers laat afneem, wat my 'n moeilike Graad 10 begin gegee het, omdat ek meer direkte gesprekke hou.*
- *Dit het glad nie, goed gebeur en ons moet aanbeweeg.*

Negatief (30,4%)

'n Aantal leerders het aangedui dat die pandemie hulle negatief beïnvloed het. Hulle het gekla dat hulle punte gedaal het, hulle lui geraak het of dat werksgeleenthede nou minder is. Volgens hulle aanduidings laat dit hulle onseker voel. Hulle voel hulle kan nie die beroepe volg wat hulle graag sou wou nie omdat daar nie werk sal wees nie. Dit blyk wel dat hulle voel kontaktyd is veel meer effektief, veral met betrekking tot Wiskunde en Wetenskap, as wat aanlyn onderrig is.

Leerders het ook aangedui dat hul ouers hulle werk verloor het, en daar is ook respondente wat genoem het dat hulle huishoudings finansieel negatief geaffekteer is en dat dit hulle vooruitsigte vir verdere studie negatief beïnvloed.

Vir die leerders wat passievol is oor sport, was die ervaring gedurende die pandemie ook baie negatief en dit het veroorsaak dat loopbaankeuses heroorweeg moes word.

'n Negatiewe impak op welstand is ook deur respondente genoem. Van hulle voel depressief en moedeloos.

- *Dit het ons gesin laat swaarkry en ons doen nog steeds. Ons sien nie die lig aan die ander kant van die tonnel nie.*
- *Wiskunde punt laat val.*
- *Ek wou in toerisme ingaan maar as gevolg van die covid het toerisme gedaal.*
- *2 jaar sonder om rugby te kon speel het my toekoms baie beïnvloed want ek wil graag rugby speel en nog geen beurs of niks ontvang nie.*
- *Dit het my moedeloos gemaak. Dit het my laat voel asof ek nie meer wil verder studeer nie.*
- *Dit het my Baie Lui gemaak en ongemotiveerd gemaak.*
- *Ek het 'n vrees opgebou vir die kans van werkloosheid en gesien hoe vinnig jy jou werkspos kan verloor.*
- *Die lockdown het baie van my vakke geknou omdat ons aanlyn skool gehad het. Dit het my laat twyfel in of ek sal kan gaan studeer wat ek graag wil aangesien sekere vakke 'n agterstand het. Dit het my ook bekommer dat mens aan sekere mediese vereistes (n PCR toets of inenting) moes voldoen om op 'n kampus toegelaat te word.*
- *My pa het sy werk verloor.*
- *Negatief. Ons werk weg gevat en nie geld vir studeer nie.*

Positief (12,05%)

Hierdie leerders het die impak van Covid-19 as positief beskryf. Dit het hulle net harder laat werk of hulle het meer tyd gehad om te besin oor dit wat hulle in die toekoms vir hulleself wil hê. Vir baie van hierdie leerders het dit die pad waarop hulle reeds besluit het, net bevestig of hulle die geleentheid gegee om nuwe talente en belangstellings te ondersoek en ontdek.

Van die leerders het in hierdie tyd veral praktiese en pragmatiese oplossings gevind om met hul omstandighede oor die weg te kom, wat 'n positiewe uitkoms en impak op hul lewens het.

Die inperkingstydperk het baie van hierdie leerders laat besef hulle hou van mense en interaksie, wat uiteindelik ook 'n invloed op hul beroepskeuses gehad het.

- *Om harder te leer, en hard te werk. En om selfdissipline te hê om van die huis af te studeer.*
- *my musiek talente gedryf*

• *Dit het my vasberade gemaak om 'n meganiese rigting te volg.*

• *Dit het gemaak dat ek harder wil leer.*

• *Positief*

• *Ek het besef dat my beroep in groot aanvraag is.*

• *Dit het my siening oor aanlyn studies baie verander en my 'n positiewe siening daaroor gegee.*

• *My positief gemaak en maak uitsien om met kinders te werk.*

• *Dit het my meer opgewonde gemaak oor my lewe as volwassene en om op kampus te gaan studeer omdat baie mense dit nie kon hê agv covid nie.*

Perspektief oor die lewe, loopbane en beroepe (20,30%)

Die groot aantal leerders (325) wat aangedui het dat die Covid-19-pandemie nie net hul skoolwerk en keuse van beroep beïnvloed het nie, maar ook hulle totale persepsie van die lewe, regverdig dat dit onafhanklik van die suiwer negatiewe en suiwer positiewe response geskei word. Hierdie onderskeid is dus gemaak omdat soveel leerders se lewe nie net positief of negatief beïnvloed is nie, maar verander is en hulle veral tot nuwe insigte gedwing is.

Baie van die antwoorde is van so 'n aard geskryf dat dit nie werklik aandui of die respondent negatief of positief voel nie. Dat hulle wel 'n ander lewensperspektief het, is baie duidelik. Wat vir 'n volwassene na 'n positiewe wending klink, mag dalk vanuit 'n baie siniese kind vorendag kom – een wat gekonfronteer is met onsekerhede waarmee kinders nie normaalweg op daardie ouderdomme gekonfronteer word nie. Om goeie loopbaankeuses te maak, is vanselfsprekend goed, maar om op 'n onnatuurlike wyse gedwing te word daartoe is nie noodwendig positief vir die leerder nie.

Soms dui die respondent duidelik aan hoe positief/negatief die verandering is, maar tog is dit hier die verandering wat van meer belang is.

Dit wil voorkom of die Covid-19-pandemie aan hierdie leerders bewys het hoe onvoorspelbaar die lewe is en dat hulle, volgens hul eie aanduidings, verantwoordelikheid vir hulle toekoms en loopbane sal moet neem en goeie keuses sal moet maak wat hulle sukses sal verseker.

Baie respondente het genoem dat hulle voel hulle 'n loopbaan moet kies wat behoue sal bly selfs gedurende 'n ramp soos die Covid-19-pandemie. Leerders het ook genoem dat hulle besef dat hulle self verantwoordelik is vir hulle studies en punte.

• *Ek het geleer om dankbaar te wees en te besef dat seker loopbaankeuses baie belangrik kan wees.*

• *Dit het my uitsigte oor die lewe vorentoe verander.*

• *Ek moet elke dag ten volle benut en die beste maak van elke geleentheid wat ek kry.*

• *Dit het my beroepskeuses verander.*

• *Dit het my laat besef dat mense in die mediese veld baie noodsaaklik is en baie ure gaan werk. Ek moes myself voorberei dat ek ook dalk sulke lang ure gaan werk.*

• *Wys maar dat die toekoms vinnig verander kan word en dat 'n mens moet leer aanpas.*

• *Gedurende COVID het ek besef dat ek dinge self moet doen. Ek glo dus dat COVID-19 'n goeie invloed op my gehad het en my vooruitsigte versterk het.*

• *Dit het my laat besef hoe belangrik dit is om te gaan studeer.*

• *My studierigting het verander. My uitkyk op my loopbaan is anders.*

• *My vooruitsigte het verander omdat ek geleer het ons moet ons geld vooruit beplan omdat ons nie weet oor wat in die toekoms kan gebeur nie.*

• *Covid 19 het my laat besef dat ek harder moet werk as voorheen om te sorg dat ek op standaard is soos dit was voor die virus en dat ek en die samelewing finaal vorentoe kan beweeg.*

GEVOLGTREKKING EN SLOT

Die indruk wat die matrikulante van 2022 in hierdie opname skep wat gedurende Julie en Augustus van 2022 in oorwegend Afrikaanse skole in Gauteng gedoen is, is dat hulle ń verantwoordelike klomp jongmense is wat die toekoms met beide hande aangryp.

Die Covid-19-pandemie het in die middel van hulle hoërskoolloopbaan begin en tot die aanvang van hulle matriekjaar geduur. Hierdie leerders moes in hierdie tyd nie net gewoond raak aan afstandonderrig, wat min kontaktyd tot gevolg gehad het nie, maar moes ook die oorskakeling na ń nuwe onderrigfase (vanaf senior fase na VOO) in hierdie tyd ondervind.

Hierdie veranderings het hierdie leerders gedwing om hulle perspektief oor die lewe en die vanselfsprekendheid daarvan te heroorweeg. Nie net is hulle met persoonlike trauma gekonfronteer met betrekking tot siekte en dood nie, hulle is ook op akademiese gebied met nuwe uitdagings gekonfronteer. Vir baie het dit beteken dat hulle hul beoogde loopbane moes heroorweeg.

Nietemin is daar ń gevoel onder hierdie leerders dat die wispelturige toekoms nie ń rede kan wees vir oorgee nie, maar dat dit eerder rede moet wees om verantwoordelikhede in oënskou te neem. Hulle is gedetermineerd om hul skoolloopbane suksesvol te voltooi. Hulle besef dat hul prestasie gekoppel is aan hul eie toewyding, en hulle het nie ń behoefte om omstandighede vir terugslae te blameer nie.

Die meerderheid leerders gaan dan ook in Suid-Afrika studeer en is positief om onderrig in Afrikaans te ontvang en sal ook graag in Afrikaans verder wil studeer. Die oorweldigende meerderheid wil ook verder studeer, wat strook met hulle aanduiding dat hulle bereid is om verantwoordelikheid vir hulle toekoms te aanvaar. Dit wys ook dat 2022 se matrikulante besef dat loopbaanvooruitgang gekoppel is aan verdere opleiding en dat hulle dit as noodsaaklik beskou.

Die breë gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat Afrikaanse tersiêre instansies ń duidelike behoefte onder Afrikaanse leerders/studente aanspreek. Met die aantal leerders wat wil gaan studeer, asook die meerderheid wat positief oor Afrikaanse onderrig voel en in Afrikaans opleiding wil ontvang, is hierdie instansies nie net broodnodig vir die Afrikaanse jongmens nie; dit is ook vir die Afrikaanse taalgemeenskap ń belegging in sy voortbestaan.

Leerders is ook meer geneig om deeltyds te studeer as in 2021 en hulle wil gaan werk. Dit is dus ń aanduiding dat hierdie leerders hulle loopbane ernstig opneem. Hulle is ook meer ingestel op hoe maklik werk verlore kan gaan en wil dus so vinnig as moontlik soveel ondervinding en kennis as moontlik opdoen sodat hulle groter werksekerheid vir hulself kan bewerkstellig.

Sou hierdie uitkyk op die lewe, wat duidelik vanuit die vraag oor die impak vir die Covid-19-pandemie na vore gekom het, by hierdie leerders resoneer, sal hulle ń groep wees wat voortdurend daarna streef om kennis en meer ervaring op te doen, wat dus ń behoefte aan voortgesette leer sal versterk.

Alhoewel die groter meerderheid positief oor Afrikaans en oor studie in Afrikaans is, het hierdie persentasie vanaf 2021 gedaal. Dit kan moontlik die gevolg wees van hierdie leerders se oortuiging dat meer werke aanlyn moet geskied en die digitale wêreld Engels is. Die persepsie bestaan ook steeds dat om in Engels te studeer, ń voordeel is wanneer die arbeidsmark betree word. Vir ń groep matrikulante wat so ernstig oor hulle beroep is, mag dit moontlik die rede vir hulle keuse wees.

Dit is ook opvallend dat minder leerders hierdie jaar onseker was oor wat hulle wil studeer as in die vorige jaar. Verder het minder leerders aangedui dat hulle ń behoefte aan meer loopbaanvoorligting het. Dit is dus ook moontlik dat leerders voel hulle het nie leiding nodig nie omdat hulle reeds hulle besluite geneem het en dus meer seker is. Dit is ook interessant dat ń groot persentasie leerders aangedui het dat loopbaan-/belangstellingsassessering nie hulle loopbaankeuse beïnvloed het nie. Dit laat die vraag ontstaan of die impak van Covid-19 en hulle nuutgevonde perspektief en verantwoordelikheidsin nie dalk swaarder weeg as aanleg nie? Hierdie kinders is baie moontlik in ń rat in geskok waar hulle besef het hulle moet meer as belangstelling in ag neem en dat hulle hierdie besluite baie ernstiger moet opneem. Dit is baie moontlik dat vrees vir mislukking of werkloosheid eerder die dryfveer is wat tot groter beslistheid lei.

Daar is egter meer leerders wat aanleg en passie, soos aangedui in die vraag oor die impak van Covid-19, gebruik om hulle te lei in hul keuse van beroep. Hierdie keuses lei tot beter welstand omdat mense wat beroepe kies waarvan hulle hou, oor die algemeen hoër vlakke van geluk en vervulling ondervind.

SOLIDARITEIT
SOLIDARITY